

Gereformeerde Kerk Bellville – 26 Februarie 2017 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-5:2, 3

- 2 Hy, die Christus, is gebore / soos daar belof is lank tevore.
Prysend sing die eng'lekore – / God se vrede het nou gekom.
- 3 Eindelik is daar bevryding / deur die Verlosser se verskyning.
Herders juig oor hierdie tyding – / haastig gaan hul om Hom te sien.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 18:1, 20 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte^{en} teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 20 U wat my red, my hoog verhef, / die vyand fnuik, tiranne tref –
U wil ek loof, U singend eer, / U by die nasies groot maak, Heer,
en U vir groot verlossings prys! / Aan u gesalfde^{nis} guns bewys,
aan Dawid en sy nageslag: / U sy die eer en roem en krag!

Gebed

Skrifberyming 3-1:1, 3

- 1 Die volk wat in die donker wandel, / oor hulle het 'n lig geskyn;
Die Christus, Lig oor alle lande, / laat angs en duisternis verdwyn!
U het die volk vermenigvuldig; / hul vreugde het U groot gemaak.
Soos in die oestyd juig hul vrolik / waar hul mét U oorwinning smaak.
- 3 Hy's Wonderbaar, 'n Eew'ge Vader; / Hy's Raadsman; Hy is Sterke God;
en Hy vermeerder in genade / sy heerskappy as Vredevoers.
Hy kom met vrede sonder einde, / versterk dit deur geregtigheid –
met ywer sal Hy dit bevestig / van nou af tot in ewigheid.

Skriflesing: Matteus 3:13-17; Lukas 4:14-30; Heidelbergse Kategismus, Sondag 12:31

Kernvers: Matteus 3:15; Lukas 4:18-19

Maar Jesus het geantwoord en vir hom gesê: Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul. Daarna het hy Hom toegelaat. (Matteus 3:15 AFR53)

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig. (Lukas 4:18-19 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?

Antwoord: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil

van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbeding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).

(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 21:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Open 12:10, 11.

Tema: Die Vader salf sy Seun Jesus met die Heilige Gees tot die Christus

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die vraagsteller het tot dusver uitgevra oor die Naam Jesus. Die gelowige het in antwoord op die vraag twee redes gegee waarom die Seun van God die Naam Jesus het. Hy word Jesus genoem omdat Hy sy volk van hulle sondes verlos. En die tweede rede is omdat daar by niemand anders enige saligheid te soek of te vinde is nie.

Die tweede Naam wat hy in die belydenis van die gelowige gehoor het, is Christus. Daarom vra hy aan die gelowige: **Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?** Soos by die Naam Jesus het ons by die Naam Christus weer te doen met die Griekse vertaling van die Hebreeuse begrip en 'n Afrikaanse betekenis. Christus is die Griekse vertaling van die Hebreeuse begrip *Messias*. In Afrikaans word die Name *Messias* en Christus met die woord *Gesalfde* vertaal.

Die gelowige kan 'n baie kort antwoord op die vraag gee. Hy kan sê dat Jesus die Gesalfde genoem word omdat God die Vader Hom met die Heilige Gees gesalf het. Die antwoord is heeltemal reg, maar 'n mens voel aan dat so 'n antwoord nie genoeg is nie. Wanneer 'n mens die evangelie van Jesus Christus aan 'n ongelowige verkondig, veroorsaak sulke kort krag-tige antwoorde dikwels meer vrae as wat dit vir die ongelowige beter insigte gee oor wie Jesus nou werklik is. Die gelowige se doel met hierdie gesprekke is juis dat die vraagsteller self kan agterkom hoe noodsaaklik dit ook vir hom is om sy vertroude ten volle in Christus te stel.

Die gelowige gee daarom nie maar net 'n kort antwoord aan sy vraagsteller nie. Inderwaarheid sê die gelowige in sy antwoord wat nog voor die skepping gebeur het. Dan sê hy dat Jesus met die Heilige Gees gesalf is en dan sluit hy af om te sê waarvoor Jesus gesalf is. Ons sê dit weer en kyk saam met my na die antwoord. Die antwoord begin in die ewigheid toe die Drie-enige God 'n besluit oor die verlossing van mense geneem het. In die ewigheid het God sy Seun as Middelaar bestem vir die uitverkorenes (1 Pet 1:19-20). Dan kom die antwoord in die tyd in toe Jesus gedoop is. Nadat Johannes vir Jesus gedoop het, is Hy deur die Vader aangestel as die Middelaar Christus. En om dit openbaar te maak, het die Vader Hom sigbaar met die Heilige Gees gesalf.

In vanaand se gesprek gaan die gelowige konsentreer op hierdie eerste deel van die antwoord – **Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is.** Dit is onvermydelik dat hierdie gesprek ook verwysings na die drievoudige amp van Christus en na die amp van die gelowige sal hê, maar die inhoud van die amp van Christus sal DV in die volgende gesprekke hanteer word.

Broers, susters en kinders, soos wat 'n mens in jou eie Bybelstudie soms gebruik maak van verskillende vertalings van die Bybel om beter insig in 'n Skrifgedeelte te kry, is dit ook raadsaam om verskillende vertalings van ons Heidelbergse Kategismus te gebruik. In die Afrikaanse vertaling van ons Kategismus staan daar geskryf dat die Vader sy Seun

bestem en aangestel het. In die Engelse vertaling is hierdie twee werkwoorde met net een werk-woord vertaal – *ordained*. Hierdie Engelse woord kan ons in Afrikaans vertaal met *bevestig*. Vir ons in hierdie gemeente is die woord *bevestig* nie vreemd nie. Predikante, ouderlinge en diakens word in hulle besondere ampte bevestig.

So 'n bevestiging in die amp is groter en meer as om maar net aangestel te word vir 'n werk. 'n Werkgewer stel iemand in sy besigheid aan as 'n klerk of 'n rekenmeester of wat ook al. Gewoonlik werk dit so: daar is 'n pos vakant by die besigheid en die pos word geadverteer. Baie mense wat die kwalifikasies het vir die werk doen dan aansoek. Uit die baie aansoeke word 'n aantal kandidate genooi vir 'n onderhoud. Na die onderhoud maak die werkgewer dan sy keuse van die persoon wat die beste geskik is vir die werk en hy word aangestel.

In die kerk van die Here doen niemand aansoek om predikant, ouderling of diaken te wees nie. Die Heilige Gees gee aan die manne wat deur die Vader en Christus bestem is om in 'n besondere amp te dien, die gawes wat hulle nodig het vir die ampswerk. Dit is ook die Heilige Gees wat lidmate die vermoë gee om broers te herken wat Hy toegerus het met die gawes om in een van die besondere ampte te dien. Dit is dus duidelik dat God self manne afsonder en uitwys wat kan dien in 'n amp. Daarna roep God so 'n man deur middel van die gemeente tot die amp. En uiteindelik bevestig die Here so 'n man in 'n besondere amp.

Jesus het Homself ook nie in die amp van die Middelaar Christus opgedring nie. Met ander woorde, Jesus het nie uit sy eie beslag gelê op die amp om Christus te wees nie. Luister weer na die woorde wat Hy op daardie sabbat in die sinagoge gelees het:

Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. (Lukas 4:18a AFR53)

En luister nou na die volgende vier woorde:

Hy het My gestuur ... (Lukas 4:18b AFR53)

Jesus het nie self beslag gelê op die amp nie. Sy Vader het Hom gestuur om die amp van Christus te volbring. Omdat dit Jesus se begeerte is om sy Vader se wil tot op die letter uit te voer, het Hy gewillig gekom om sy amp as Christus te volbring.

Ja maar, wag so 'n bietjie, val die vraagsteller die gelowige in die rede. Is dit nie so dat Jesus se doop heg verbind word aan sy salwing met die Heilige Gees nie? Dit is mos hoekom jy ook uit Matteus 3 gelees het. Dit is heeltemal reg. Die dag toe Jesus gedoop is, het die Vader Hom sigbaar gesalf met die Heilige Gees en Hom hoorbaar aangestel as Christus. Maar kyk weer mooi na die gedeelte in Matteus, sê die vraagsteller. Daar staan tog uitdruklik dat Jesus na Johannes toe gegaan het en, om dit so te stel, by Johannes daarop aangedring dat Hy gedoop moet word.

Dit is inderdaad so, Jesus het na Johannes toe gegaan en by hom aangedring om gedoop te word. Maat let mooi op hoekom Jesus daarop aandring dat Johannes Hom doop. Hy sê:

Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.
(Matteus 3:15 AFR53)

Dit is hierdie woord *geregtigheid* wat nou ons aandag verg. *Geregtigheid* in hierdie sin beteken dit wat reg is in God se oë. Dit wil sê dit gaan oor God se wil wat uitgevoer moet word. Die Seun van God is al voor die skepping bestem om die Christus te wees, want deur Hom wil God mense van hulle sonde en van sy oordeel verlos (1 Pet 1:19-20). As die

Seun van God het Jesus dan by Johannes daarop aangedring om gedoop te word, sodat sy Vader Hom in sy amp as Christus kan bevestig.

En nou moet ons net eers vir onself duidelikheid kry oor die woord *amp*. Soos wat ons die woord *amp* hier gebruik en dit ook in ons Kerkorde gebruik word, kom dit van die Latynse woord *officium* wat met *amp*, *plig*, *taak* of *diens* vertaal kan word. Die gedagte wat met die woord *officium* oorgedra word, is die volgende: dit is 'n spesifieke plig of diens wat aan 'n persoon toevertrou word om in die naam van iemand anders uit te voer ten bate van ander.

Wanneer ons dit nou op Jesus van toepassing te maak, sal dit duideliker word. Die Vader het sy Seun gestuur om mense van hulle sondes en van God se oordeel te verlos. God die Vader wil mense red van die ewige oordeel wat oor hulle moet kom oor hulle sonde. Die Seun van God het na hierdie wêreld toe gekom om in die Naam van sy Vader die verlos-singswerk te kom doen tot voordeel van elkeen wat in Jesus Christus glo. Aan Jesus is die spesifieke plig toevertrou om in die Naam van sy Vader sondaars te verlos. Jesus is deur sy Vader bestem en aangestel as Christus. Dit is Jesus se amp of plig teenoor sy Vader ten bate van sondaars. En hierdie amp of plig is drieledig – Hy moet as hoogste Profeet die verborge raad en wil van God aangaande die verlossing van sondaars ten volle bekend maak; Hy moet as enigste Hoëpriester die enige offer van sy liggaam bring; en Hy moet as ewige Koning die verlostes met sy Woord en Gees regeer, bewaar en beskerm. Jesus het dus 'n besondere taak en opdrag wat net Hy as die Seun van God kan vervul omdat Hy God en mens gelyktydig is. En Hy is teenoor sy Vader verantwoordelik om hierdie taak uit te voer.

Let ook op dat Jesus sy ampswerk as Christus noem wanneer Hy die woorde van Jesaja lees. As hoogste Profeet en Leraar bring Hy die evangelie aan armes en kondig Hy die aangename jaar van die Here aan. As enigste Hoëpriester genees Hy die wat verbrysel van hart is en herstel Hy die gesig van blindes. As ewige Koning gee Hy vrylating aan die gevangenes en vryheid aan die wat gebroke is.

Ja goed, vra die vraagsteller, maar waarom is Jesus gedoop? Johannes het tog mense gedoop omdat hulle hulself van sondes bekeer het (Matt 3:6, 11). En vroeër in die gesprek by Sondag 6 het jy vanuit die Skrif aangetoon dat Jesus Christus nie sonde het nie. 'n Mens wil in hierdie stadium jubel van dankbaarheid. Hierdie vraagsteller onthou wat vir hom al van Jesus geleer is. En nou kry die gelowige geleentheid om saam hom dieper in die rykdom van die Skrif in te gaan.

Natuurlik het Jesus nie sondes wat Hy moes bely en waarvan Hy Hom moes bekeer sodat Johannes Hom kon doop nie. Dit is waarom Johannes probeer verhinder het dat Jesus gedoop moet word. Deur die verligting van die Heilige Gees het Johannes geweet dat Jesus die Lam van God is wat gekom het om die mense van hulle sondes te verlos. As Seun van God kan Hy mos nie sondes hê nie. Maar tog dring Jesus by Johannes daarop aan om gedoop te word sodat die geregtigheid vervul kan word – sodat die wil van God gedoen kan word. Die geregtigheid waarvan Jesus praat beteken dit is God se wil om mense van hulle sondes te verlos nie. En Jesus het gekom om dit te doen.

Maar nou sien ons die inhoud van Jesus se amp as Christus behels dat Hy ook hoëpriesterlike werk moet doen. Ons weet ook uit die geslagsregister van Jesus dat Hy uit die stam van Juda is. Uit Juda het die Here al in Genesis aangekondig sal die konings kom, maar nie die priesters nie. Die stam van Levi is deur die Here afgesonder om priesterlike werk te doen.

Gelei deur die Heilige Gees gaan die gelowige in die gesprek terug na Numeri 8 toe. Daar sê die Here wat met die Leviëte moet gebeur voordat hulle hul ampswerk in die Tent van Ontmoeting kan doen. Die Leviëte moes by die Tent van Ontmoeting bymekaarkom en reinigingswater moes oor hulle gesprinkel word (Num 8:7). Eers as dit gebeur het, kon hulle met hulle ampswerk begin. Toe Jesus van die geregtigheid gepraat het, het Hy ook na hierdie voorskrif aangaande die Leviëte verwys. Toe Johannes dit besef het, het hy Jesus gedoop sodat Hy sy ampswerk as Christus kon begin.

Om dit nie te vergeet nie, vat die gelowige dit net kort weer saam.

- Jesus het nie sonde nie.
- Jesus is uit die stam van Juda gebore.
- In sy amp as Christus moet Jesus hoëpriesterlike werk doen – Hy moet offer.
- Net die Leviëte mag priesterlike werk doen.
- Reinigingswater moes eers op die Leviëte gesprinkel word voordat hulle met hul ampswerk kon begin.
- Jesus is gedoop sodat Hy ook die hoëpriesterlike deel van sy ampswerk kan doen.

Nadat Johannes vir Jesus gedoop het, het die Vader Hom sigbaar met die Heilige Gees gesalf. Dit is nie net Johannes wat moet weet dat Jesus deur sy Vader bestem, gestuur en bevestig is in sy amp as Christus nie. Die hele wêreld moet dit weet. Daarom het die Heilige Gees die doop van Jesus en sy salwing met die Heilige Gees in die Skrif opgeteken.

Met die openbare salwing met die Heilige Gees het die Vader sigbaar en hoorbaar duidelik gemaak: Hier is my Seun Jesus die Christus. Die Vader het Hom uit almal uitgesonder en die Seun is bereid om in die Naam van sy Vader sy ampswerk as Christus te kom vervul. Omdat sy Vader Hom vir hierdie ampswerk gestuur het, meld Jesus Homself by Johannes aan om die reinigingswater te ontvang. Dan bevestig die Vader sy Seun in sy amp as Christus. Deurdat die Vader Hom sigbaar met die Heilige Gees salf, maak God duidelik dat sy Seun bekwaam is om in die Naam van God as die Verlosser van mense op te tree.

Geliefdes, ons dank die Here dat Hy sy Seun so sigbaar gesalf het met die Heilige Gees as die Christus. Deur die Heilige Gees het ons die versekering dat Jesus werklik deur sy Vader bestem is vir hierdie werk. En omdat Hy die Seun van God is wat volmaak die wil van sy Vader uitvoer, weet ons dat die verlossingswerk wat Jesus doen volkome is. Wie die geloof ontvang het om te weet en te vertrou dat Jesus ook sy Verlosser is, hoef nooit weer te twyfel nie.

Die sekerheid dat 'n mens wel deur Jesus Christus volkome verlos is, beteken dat jy dan ook deur God geroep, gesalf en bevestig is in die amp van die gelowige. Met die Heilige Gees en Woord van God is jy dan ook toegerus en bekwaam om jou ampswerk as verlore kind van God uit te voer. Aangesien jy deur God bevestig is, staan jy dan voor Hom ver-antwoordelik oor die wyse waarop jy jou ampswerk uitvoer tot voordeel van die mense wat Hy oor jou pad stuur. Mag elke gelowige wat reeds in die amp van die gelowige bevestig is, en mag elkeen wat in 'n besondere amp bevestig is, sy ampswerk so getrou uitvoer soos Jesus sy amp as Christus uitgevoer het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 20:1, 6 (p. 90)

1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!

6 Nou weet ek dat die HERE sy / gesalfde sal verhoor;
uit heil'ge hemel antwoord Hy, / tot magsdaad aangespoor.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
26 Februarie 2017